**Maandag 30 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:23-31 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:26**

## By die enigste Gesalfde vind die onrustiges rus en vrede

Die geskiedenis van die mensdom word deur opstand teen God gekenmerk. Dié opstand gaan in teen alles wat deur die koningsheerskappy van God verteenwoordig word. Dit is ’n opstand teen liefde, vrede en hoop. Die volke en hulle heersers blink uit in hulle bevordering van onreg.

So beleef ons dit ook in die tyd waarin ons leef. Die bose het nie vrede met die geregtigheid van God nie. In Psalm 2 vra die digter: “Waarom is daar onrus onder die volke …” Dan antwoord die digter: “Omdat die regeerders saamspan teen die Here en sy Gesalfde.” Hierdie verse word in die gebed van die gelowiges in Handelinge 2 op Christus betrek. Hy is die Gesalfde van die Here teen Wie die volke saamspan.

Gesalfde! In die ou-Oosterse gebruik is ’n koning ingesweer deur ’n ritueel waarin daar baie duur salf op sy hoof gegooi is. Hierdie handeling het aan hom die reg gegee om koning te wees en het die gesag en reikwydte van sy amp aangedui. As die koning gesalf is, is daarmee gesê dat hy die reg en gesag het om te regeer en sy mag uit te oefen onder die mandaat wat vir hom gegee is. Sonder die salwing was daar geen koningskap en geen mandaat nie.

Hierdie gebruik word op Jesus van toepassing gemaak. Hy is deur God as Koning van die ewige koninkryk gesalf, die koninkryk wat God herskep uit die puinhoop van sonde en verlorenheid wat deur die mens tot stand gekom het.

Sy Naam “Christus” beteken ook Gesalfde. Daarmee word ons geleer dat Hy die Verlosser en Koning is. Aan sy koningskap is geen einde nie, en uiteindelik is dit slegs Hy wat die onrus van die nasies tot bedaring kan bring. Dit is sy mandaat. Ons antwoord op die onrus van die tye is om op die enigste Gesalfde te wys. Daar alleen sal die onrustiges rus en vrede vind.

*Sing: Psalm 45:1-4 (1936)*

*Prof. JM (Koos) Vorster (Emeritus)*